higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

5 Desember 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 1 addendum en 2 antwoordblaaie.

554Q2N2305

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 4
VRAESTEL 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Beantwoord AFDELING A op die ANTWOORDBLAAIE (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER in die ruimte wat verskaf is, verwyder dit van die vraestel en lewer dit saam met die DRUKSTUKKE vir AFDELING B en AFDELING C in.
5. Gebruik toepaslike rekeningkundeprogrammatuur vir AFDELING B en AFDELING C.
6. Gebruik 'n afsonderlike stel boeke vir AFDELING B en AFDELING C.
7. Gebruik die tabel hier onder as gids vir die hoeveelheid tyd wat by die beantwoording van elke vraag bestee moet word.
8. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Kort, teorievrae	20	20 minute
AFDELING B			
2	Prakties met rekeningkundeprogrammatuur	120	1 uur 40 minute
AFDELING C			
3	Prakties met rekeningkundeprogrammatuur	60	1 uur
	TOTAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) op die ANTWOORDBLAD te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord wat ONWAAR is.

1.1.1 Die standaard BTW-koers op salarisse is 15%.

1.1.2 Rugsteunkopieë moet gereeld gemaak word wanneer rekeningkundeprogrammatuur gebruik word.

1.1.3 Terugbetaalbare BTW = insetbelasting < uitsetbelasting.

1.1.4 Die onderneming koop 'n lessenaar vir die kantoor en ontvang 'n kwitansie. Die onderneming kan die BTW terug eis.

1.1.5 In die faktuurgebaseerde rekeningkundige stelsel word die bedrag BTW wat 'n onderneming skuld bereken op grond van die betalings wat die besigheid gemaak het en die geld wat ontvang is.

1.1.6 Wanneer verwerking met rekeningkundeprogrammatuur gedoen word verteenwoordig die inskrywingtipes die joernale.

(10)

1.2 Kies die korrekte opsie uit dié tussen hakies en skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) op die ANTWOORBLAD (aangeheg).

1.2.1 Wanneer korting aan 'n klant toegestaan word omdat hy/sy sy/haar rekening vroeg vereffen, is BTW van (0%/15%) van toepassing.

1.2.2 Boodskappe (kan/kan nie) bygevoeg word [nie] wanneer 'n belastingfaktuur verwerk word.

1.2.3 'n Vervaardigingsonderneming kan rekeningkundeprogrammatuur (gebruik/nie gebruik nie) om rekeningtransaksie aan te teken.

1.2.4 BTW (uitset/inset) is die BTW-bedrag wat SARS aan die BTW-ondernemer verskuldig is.

1.2.5 Aanneemsaldo's [*takeon balances*] word (slegs een keer/elke maand) in rekeningkundeprogrammatuur gedoen.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 FootWear koop en verkoop hardloopskoene. 'n Paar hardloopskoene kos R1 150 (BTW ingesluit) en word vir R1 800 (BTW uitgesluit) verkoop.

Bereken die volgende vir 'n paar hardloopskoene:

1.3.1 Inset-BTW (2)

1.3.2 Uitset-BTW (2)

1.3.3 BTW-kontrolesaldo (1)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

INSTRUKSIES

1. Maak die rekeningstelsels vir LB Construction (CONSTR) oop wat alreeds op jou rekenaar gelaai is. Die wagwoord is 123.
2. Kies *SETUP*.
3. Kies *COMPANY PARAMETERS*.
4. Kies *COMPANY DETAIL*. Kies die *Company Name*-seksie en klik op *Educational Number*.
5. Druk CTRL + SHIFT + T en sleutel jou EKSAMENNOMMER in die blok in wat verskyn. Klik *OK*.

LB Construction gebruik 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel. Jy is die aangestelde boekhouer. Die eienaar van die onderneming is Michael Midlane.

Die maatskappy se enigste doel is om produkte en dienste te lewer wat aan internasionale standaarde en aan die klante se vereistes en verwagtinge ten opsigte van gehalte, koste, prestasie, veiligheid en betroubaarheid voldoen.

Die onderneming is vir BTW geregistreer en maak tweemaandelikse betalings aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens op die faktuurgrondslag.

Verwerk die transaksies vir Julie 2022 (Periode 1).

Kopiereg voorbehou

Die volgende opstelling IS REEDS IN DIE BOEKE VAN LB Construction (CONSTR) geskep.

(a) **PERIODE**

Die finansiële jaar van die besigheid loop vanaf 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023. Die huidige periode is Julie 2022, wat die eerste periode is.

(b) **BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW – 15%)**

Die onderneming is as 'n BTW-ondernemer geregistreer en BTW sal volgens die faktuurbasis aangeteken word. Verwys na ADDENDUM A (aangeheg) vir die toelaatbate aftrekkings ten opsigte van INSETBELASTING.

(c) **INSKRYWINGTIPES**

AANTAL	TIPE INSKRYWING
1	Kontantbetalingsjoernaal – (CB1)
2	Kontantontvangstejoernaal – (CB1)
3	Kleinkasbetalingsjoernaal (CB 2)
4	Kleinkasontvangstejoernaal (CB 2)
5	Algemene Joenaal
6	Klantejoernaal
7	Verskafferjoernaal
8	Klantkortingsjoernaal (Customers Allowances Journal)
9	Verskaffertoelatingsjoernaal (Suppliers Allowances Journal)
10	Slegsteskuldjoernaal
11	Joernaal vir rente gehef (Interest Charged Journal)
12	Voorraadjoernaal

(d) **KLANTE**

CUSTOMER CODE	CUSTOMER
C001	Handy Crew
C002	The Golden Hammer
Z99	Cash sales

(e) **VERSKAFFERS**

SUPPLIER CODE	SUPPLIER
PRO	Pro Construction
SER	Service Pty (Ltd)

Kopiereg voorbehou

(f) **VOORRAAD**

Die onderneming se voorraadstelsel word volgens die deurlopende voorraadstelsel met 'n rekenaarprogram hanteer.

Voorraad word teen 75% op die kosprys verhoog.

Eksklusiewe belastingverwerking word op alle voorraadaankope en -verkope gedoen behalwe waar dit anders op fakture aangedui word.

Die volgende voorraadkodes en pryse (BTW uitgesluit) is van toepassing:

STOCK CODE	DESCRIPTION	UNIT	COST PRICE
H001	Hearing protection (earmuffs)	Each	R178,80
H002	High-visibility jacket	Each	R75,27
R001	Roller and 3 trays	Each	R106,39
S001	Saw	Each	R217,24
S002	Screws	100	R116,94
W001	Wall plug	Each	R87,61
W002	White paint	5 ℓ	R174,33

(g) **BEPALINGSKODES**

Voeg bepalings vir vroeë betaling by waar nodig.

- 2,5% korting binne 60 dae vanaf die laaste dag van die periode.
- 5% korting binne 45 dae vanaf die laaste dag van die periode.
- 5% korting binne 30 dae vanaf die laaste dag van die periode.
- 7,5% korting binne 20 dae vanaf die laaste dag van die periode.
- 10% korting binne 14 dae vanaf die laaste dag van die periode.

(h) **AANNEEMSALDO'S (*TAKE-ON BALANCES*)**

Die verskaffers se aanneemsaldo's is nie aangeteken nie. Alle ander aanneemsaldo's is verwerk.

Kopiereg voorbehou

VERLANG

- Gebruik die brondokumente en inligting wat hier onder verskaf is om die transaksies in de toepaslike joernale of dokumente in periode 1 (Julie 2022) in die boeke van LB Construction aan te teken.
- Gebruik die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek wat opgestel is. Indien daar nie 'n rekening bestaan om 'n bedrag in te skryf nie, moet so 'n rekening geskep word.
- Druk ALLE dokumente na verwerking. Wanneer joernale gedruk word, kies *print with contra*.
- Werk alle dokumente en joernale by nadat dit gedruk is.
- Verwys na bladsy 13 vir 'n volledige lys drukstukke wat vir nasien ingedien met word. Dien die drukstukke in dieselfde volgorde in as op bladsy 13. VYF punte sal afgetrek word indien die drukstukke nie in die korrekte volgorde is nie.

2.1 AANNEEMSALDO'S (*TAKE-ON BALANCES*)

2.1.1 Die beginsaldo's van die verskaffers is nie aangeteken nie. Teken die verskaffersaldo's in die betrokke joernaal aan deur die verskaffer-ouderdomsontleding hier onder te gebruik:

SUPPLIER AGE ANALYSIS AT 30 JUNE 2022				
Supplier	**60 days**	**30 days**	**Current**	**Total**
Pro Construction		2 500,00	1 250,00	3 750,00
Service Pty (Ltd)	1 000,00		1 750,00	2 750,00
TOTAL	**1 000,00**	**2 500,00**	**3 000,00**	**6 500,00**

2.1.2 Werk die joernaal by (*update*).

2.1.3 Druk die verskafferontleding op 31 Julie 2022 sonder detail.
Druk met beskrywings en transaksies. (8)

2.2 KREDIETAANKOPE VAN VOORRAAD

PRO CONSTRUCTION

TAX INVOICE

VAT Reg. No.: 852951463

8 Hope Road
LEYDSDORP
0895

Tel: 011 234 5678
Fax: 062 123 456

06/07/2022

No. PC06

TO: LB Construction
25 Nelson Avenue
0895 LEYDSDORP

TERMS: 2,5% discount within 60 days
7,5% overall discount

Quantity	Description	Unit Price		Amount	
15	Screws	116	94	1 754	10
10	Roller and 3 trays	116	39	1 163	90
			Subtotal	2 918	00
			7,5% Discount	218	85
				2 699	15
			15% VAT	404	87
			TOTAL	**R3 104**	**02**

AMED R & W

VAT Reg. No.: 283971462

TAX INVOICE

ARW12

Tel: 012 468 0246
Fax: 086 543 2109

92 High Street
LEYDSDORP
0895



TO: LB Construction
25 Nelson Avenue
LEYDSDORP, 0895

12/07/2022

Units	Description	Unit Price		Amount	
18	White paint	174	33	3 137	94
36	Hearing protection (earmuffs)	187	78	6 760	08
			Subtotal	9 898	02
TERMS:	2,5% discount within 60 days		2,5% Discount	247	45
	2,5% trade discount			9 650	57
			15% VAT	1 447	58
			TOTAL	**R11 098**	**15**

LB Construction het besluit om by 'n nuwe maatskappy te koop.

- Skep die kode vir die nuwe verskaffer: AME met 'n kredietperk van R15 000. Die kontakpersoon is Xandria Fesi en die posadres is: Posbus 5, LEYDSDORP, 0890.

- Verander die eenheid van gehoorbeskerming na SET.

Kopiereg voorbehou



93 Spence Drive
MORIA 3240

✆ 072 963 5791

SERVICE PTY (LTD)

VAT Reg. No.: 649713258 **NO: 901**

TAX INVOICE

TO: LB Construction 18/07/2022
25 Nelson Avenue
LEYDSDORP, 0895

TERMS: 5% discount within 45 days

Quantity	*Description*	*Unit Price*		*Amount*	
12	High-visibility jacket	75	27	903	24
24	Cable ties	87	61	2 102	64
36	Wall plug	88	52	3 186	72
6	Saw	271	42	1 628	52
		Subtotal		7 821	12
		5% Discount		391	06
				7 430	06
		15% VAT		1 114	51
		TOTAL		**R8 544**	**57**

Gebruik kode C001 om die nuwe voorraaditem met 'n eenheid van 25 te skep. (27)

2.3 KREDIETTERUGSENDING VAN VOORRAAD

DATE	SUPPLIER	REASON
22/07/2022	Service Pty (Ltd)	2 × High-visibility jacket – not ordered 6 × Wall plug – outstanding order

(9)

2.4 KONTANT- EN KREDIETVERKOPE

2.4.1 Z99 is die kontantverkoperekening wat gebruik word om kontantverkooptransaksies aan te teken.

2.4.2 Voeg die name en adresse van al die klante in die *delivery address*-veld in.

2.4.3 Boodskap vir klante: SPECIALS: 5–10 August 2022

2.4.4 Alle kontantklante ontvang 7,5% korting vir kontant.

2.4.5 Skep die volgende voorraaddiensitems:

Code:	DEL
Description:	Delivery cost
Inventory group:	Services
Discount type:	None
Unit:	P/km
Tick:	Show quantity and unit
Untick:	Sales commission item
Type:	Tick service item
Tick:	Allow tax (15%)
Selling price:	R5,25 inclusive

DATE	NAME	EARLY PAYMENT TERMS AND DISCOUNT	DETAILS
04/07/22	The Golden Hammer	3,5% trade discount 7,5% discount within 20 days	3 × White paint 6 × Cable ties 9 × High-visibility jacket Delivery cost: 50 km
12/07/22	***New customer***: Red Toolbox*** 105 Long Street PHALABORWA 1390 Tel: 082 135 2468 Credit limit: R10 500	2,5% discount within 60 days 5% invoice discount	5 × Saw 10 × Wall plug 15 × Hearing protection (earmuffs)
20/07/22	Cash sale Ovayo Oncker 13 Fifth Avenue TZANEEN 0850		8 × White paint 4 × Roller and 3 trays Delivery cost: 25 km
28/07/22	Handy Crew	10% discount within 14 days	10 × Screws 5 × Wall plug

- Skep die nuwe klant deur die rekeningstruktuur te gebruik wat reeds opgestel is. (32)

2.5 **KREDIETTERUGSENDING VAN VOORRAAD**

DATE	CUSTOMER	REASON
13/07/22	The Golden Hammer	2 × Cable ties – incorrectly ordered 1 × High-visibility jacket – wrong size
31/07/22	Handy Crew	2 × Screws – damaged

(13)

2.6 **KLEINKAS**

Die volgende is kleinkasbetalings wat tydens Julie 2022 gemaak is. Die laaste kleinkasbewysstuk was PCV11.

DATE	DETAILS	AMOUNT
09/07/22	NY Hardware for repairs for the owner	R432,10
18/07/22	Donated to Spescare for food parcels	R500,00
27/07/22	Fast Couriers for original documents to attorney	R123,45

(6)

2.7 **KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL**

KONTANTDEPOSITO'S

DATE OF DEPOSIT	DEPOSIT SLIP NUMBER
20/07/2022	BBNK0701
27/07/2022	BBNK0702
01/08/2022	BBNK0703

KONTANTONTVANGSTE

LB Construction

25 Nelson Avenue
LEYDSDORP 0895

No: R7/001 *Date: 13/07/22*

Cash Receipt

Received from:	*Austen Klase*	
For:	*Debt previously written off has been recovered.*	
Amount:	*Four thousand two hundred rand only*	*R4 200,00*

With thanks *Chris Sifumba*

LB Construction

25 Nelson Avenue
LEYDSDORP 0895

No: R7/002 *Date: 25/07/22*

Cash Receipt

Received from:	*The Golden Hammer*	
For:	*Settle account*	
Amount:	*???*	*R???*

With thanks *Chris Sifumba*

Kopiereg voorbehou

LB Construction

25 Nelson Avenue
LEYDSDORP 0895

No: R7/003 *Date: 27/07/22*

Cash Receipt

Received from:	*Vivian Newman*	
For:	*August 2022 rent*	
Amount:	*Fifteen thousand seven hundred and twenty five rand only*	*R15 725,00*
With thanks:	*Chris Sifumba*	

- Verander die beskrywingvan rekeningnommer 2900/000 na *Rent received*

LB Construction

25 Nelson Avenue
LEYDSDORP 0895

No: R7/004 *Date: 30/07/22*

Cash Receipt

Received from:	*Handy Crew*	
For:	*Payment on account. R35,00 discount received*	
Amount:	*Two thousand rand only*	*R2 000,00*
With thanks:	*Chris Sifumba*	

KASREGISTERROL



20/07/2022
CRR20

(13)

2.8 **ELEKTRONIESE FONDSOORPLASINGS/BETALINGS**

PAY1	
01/07/2022	
TO:	Pro Construction
FOR:	Settlement of opening balance
AMOUNT:	R3 500,00

PAY2	
15/07/2022	
TO:	CellPro
FOR:	Business and owner cellphone accounts. Business account: R1 234,56
AMOUNT:	R1 802,45

PAY3	
21/07/2022	
TO:	Brilliant Traders
FOR:	Office desks
AMOUNT:	R18 345,57

PAY4	
23/07/2022	
TO:	Sunday Times
FOR:	Advertisement for contractor
AMOUNT:	R2 375,94

PAY5	
27/07/2022	
TO:	On Point
FOR:	Tea for kitchen staff
AMOUNT:	R312,00

PAY6	
31/07/2022	
TO:	AMED R & W
FOR:	Payment on account
AMOUNT:	R4 750,00

(12)

DIE VOLGENDE DRUKSTUKKE VIR JULIE 2022 MOET GESKEP EN VIR NASIEN INGELEWER WORD:

2.1	Verskaffers se ouderdomsontleding op 31 Julie 2022.	(8)
2.2	Verskaffers se fakture	(27)
2.3	Denietnota	(9)
2.4	Belastingfakture	(32)
2.5	Kredietnotas	(13)
2.6	Kleinkasjoernaal	(6)
2.7	Kontantontvangstejoernaal	(13)
2.8	Kontantbetalingsjoernaal	(12)

[120]

TOTAAL AFDELING B: 120

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 3

INSTRUKSIES

1. Maak die rekeningstelsel van Xan Hardware Store (HARD) oop wat alreeds op die rekenaar gelaai is. Die wagwoord is 123.

2. Kies *SETUP*.

3. Kies *COMPANY PARAMETERS*.

4. Kies *COMPANY DETAIL*. Kies die *Company Name*-seksie en klik op *Educational Number*.

5. Druk CTRL + SHIFT + T en sleutel jou EKSAMENNOMMER in die blok in wat verskyn. Klik *OK*.

VERLANG

- Xan Hardware Store het die bankrekonsiliasie met die hand gedoen. Weens jou ervaring met gerekenariseerde rekeningkundestelsels, is daar besluit dat die bankrekonsiliasie gedoen gaan word deur rekeningkundeprogrammatuur te gebruik. Gebruik die inligting hier onder om die volgende vir Julie 2022 (periode 1) te voltooi.
- Gebruik die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek wat opgestel is. Indien daar nie 'n rekening bestaan om 'n bedrag in te skryf nie, moet so 'n rekening geskep word.
- Druk ALLE dokumente ná verwerking. Wanneer joernale gedruk word, kies *print with contra*.
- Werk die joernale by.
- Verwys na bladsy 16 vir 'n volledige lys drukstukke wat vir nasien ingedien moet word. Dien die drukstukke in dieselfde volgorde in as op bladsy 16. VYF punte sal afgetrek word indien die drukstukke nie in die korrekte volgorde is nie.

3.1 Gebruik die volgende inligting om:

3.1.1 Die kontantontvangstejoernaal (ná bankrekonsiliasie) met die bykomende inskrywings te voltooi en te druk. (12)

3.1.2 Die kontantbetalingsjoernaal (ná bankrekonsiliasie) met die bykomende inskrywings te voltooi en te druk. (14)

3.1.3 Die rekonsiliasieproses te volg en die bankrekonsiliasiestaat te druk. (9)

BANKSTAAT

BRILLIANT BANK

Bank Statement No. 01

Xan Hardware Store
45 Morgan Street
Riebeek East, 5805

Page 1

Date: 31/07/2022

Acc. No.: 1486450732

DATE	DETAILS	DEBIT	CREDIT	BALANCE
01/07/2022	BDS4		250,000.00	250,000.00
01/07/2022	217	75,000.00		175,000.00
01/07/2022	DD001		25,000.00	200,000.00
04/07/2022	218	5,522.50		194,477.50
06/07/2022	PAY09	6,000.00		188,477.50
07/07/2022	219	252,525.00		-64,047.50
08/07/2022	DD002		1,000.00	-63,047.50
09/07/2022	PAY10	298.99		-63,346.49
12/07/2022	Cash handling fees	124.89		-63,471.38
15/07/2022	220	580.93		-64,052.31
20/07/2022	BDS5		11,595.47	-52,456.84
25/07/2022	222	500.00		-52,956.84
22/07/2022	DD003		2,541.00	-50,415.84
28/07/2022	DD004		50,000.00	???
29/07/2022	Service fees	35.35		???
30/07/2022	PAY11	3,100.00		???

- DD001 op 01/07/2022 is van M Midlane, die eienaar vir bykomende kapitaal.
- PAY09 was vir die salaris wat vir kontrakwerk aan Nomsa Mali betaal is.
- DD002 was vir geld wat van Alice Co Ltd vir die vereffening van hul rekening ontvang is.
- PAY10 was vir die maandelikse subskripsie vir die Business Chambers.
- DD003 is vir kommissie wat van Sure Tools ontvang is. Skep die rekeninge vir kommissie ontvang.
- PAY11 was vir 'n direkte oordrag na Tulsa Distributors vir die vereffening van hul rekening.
- DD004 was vir 'n lening wat van Truly Bank (9%) ontvang is. Hernoem die rekening 5500/000.
- Identifiseer en teken bankkoste aan.

Kopiereg voorbehou

3.2 Die volgende joernaalmemo's is aan die einde van Julie 2022 uitgereik. Skryf die transaksies in die toepaslike joernaal/(e) in.

XAN HARDWARE STORE **OFFICE MEMO: M7/1**	
TO: Bookkeeper	**DATE**: 31 July 2022
'n Bedrag van R500 vir konsultasiefooie is verkeerdelik na ouditfooie gepos. Stel die fout reg.	

XAN HARDWARE STORE **OFFICE MEMO: M7/2**	
TO: Bookkeeper	**DATE**: 31 July 2022
M. Midlane, die eienaar, het sy eie voertuig vir aflewerings deur die onderneming beskikbaar gemaak. Die koste van die voertuig is R375 000.	

XAN HARDWARE STORE **OFFICE MEMO: M7/3**	
TO: Bookkeeper	**DATE**: 31 July 2022
Skryf die uitstaande bedrag van H & H Traders af.	

(16)

3.3 **BYKOMENDE DRUKSTUKKE VEREIS**

3.3.1 Voorraadwaardasie (3)

3.3.2 Proefbalans – Moenie nul-items druk nie. Druk die inkomstestaat eerste en moenie beginsaldo's insluit nie. (6)

DIE VOLGENDE DRUKSTUKKE MOET GESKEP EN VIR NASIEN INGELEWER WORD:

3.1 3.1.1 Kontantontvangstejoernaal (ná bankrekonsiliasie) (12)

3.1.2 Kontantbetalingsjoernaal (ná bankrekonsiliasie) (14)

3.1.3 Bankrekonsiliasiestaat (9)

3.2 Joernaal/(e) om aansuiwerings aan te teken (16)

3.3 3.3.1 Voorraadwaardasie (3)

3.3.2 Proefbalans (6)

[60]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

TOELAATBARE AFTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN INSETBELASTING

	Word BTW gehef?		**Is inset-BTW aftrekbaar?**	
	JA	**NEE**	**JA**	**NEE**
Reklame	X		X	
Ouditfooie	X		X	
Bankkoste: Kontanthanteringsfooi Diensgeld	 X X		 X X	
Slegte skuld/verhaal	X		X	
Kommissie ontvang	X		X	
Konsultasiefooie	X		X	
Koeriers	X		X	
Waardevermindering		X		
Donasies		X		
Trekkings		X		
Elektrisiteit en water	X		X	
Toerusting	X		X	
Versekering	X		X	
Rente betaal/ontvang		X		
Drukwerk en skryfbehoeftes	X		X	
Eiendomsbelasting en diensgeld		X		
Verversings		X		X
Rente betaal/ontvang	X		X	
Salarisse en lone		X		
Subskripsies	X		X	
Telefoon en faks	X		X	
Motorvoertuie	X		X	

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

ANTWOORDBLAD

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 _____

_____

1.1.2 _____

_____

1.1.3 _____

_____

1.1.4 _____

_____

1.1.5 _____

_____

1.1.6 _____

_____

(10)

1.2 1.2.1 _____

1.2.2 _____

1.2.3 _____

1.2.4 _____

1.2.5 _____

(5 × 1) (5)

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

ANTWOORDBLAD

1.3 1.3.1 _____

_____

_____ (2)

1.3.2 _____

_____

_____ (2)

1.3.3 _____

_____

_____ (1)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou